

Vaderliefde par excellence
Die liefdevolle vader en Sy 2 verlore seuns.
Lukas 15 vers 11-32

Waar het die gelykenisse van die die verlore skaap, muntstuk en seun in Lukas 15 hul oorsprong? Dit begin by konflik tussen Jesus en die Fariseërs en Skrifgeleerdes. Jesus het alle mense lief, ook die uitgeworpenes soos die tollenaars en sondaars. Die Fariseërs en Skrifgeleerdes het hierdie mense vermy. Hulle het geglo dat kontak met hulle hul onrein sou maak.

Die jongste seun verteenwoordig die uitgeworpenes. Manne het in hierdie tyd het getrou wanneer hulle 18-20 jaar oud was. Met ander woorde die jongste seun was waarskynlik jonger as dit. Families het saam gebly, saam gewerk en gesorg vir mekaar. Die jongste seun wil wegkom hiervan. Hy kry een-derde van sy vader se besittings. Hy soek alles wat hy eintlik reeds het. Hy gaan soek hoogste geluk en ware vryheid op verkeerde plek. Hier vind hy op 'n harde manier uit dat alles wat blink, nie goud is nie. En sy hele lewe stort in duie. Van vryman na slaaf van varke. Hy sit en varke oppas terwyl hy honger na die varke se kos. Vir die Jode was 'n vark 'n onrein dier wat jy ten alle koste vermy. Die jongste seun kan nie op 'n slegter plek gewees het nie.

In hierdie laagste van laagtepunte gebeur daar iets in die jongste seun. Ons lees daarvan in Lukas 15 vers 17 – 19: ¹⁷“Toe kom hy tot inkeer en sê: ‘My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger. ¹⁸Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig! ¹⁹Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.’

Die seun gaan dadelik terug huis toe.

In sy pa se reaksie kry ons 'n kykie in God se hart. Die liefdevolle pa is op die uitkyk vir sy seun. Hy het hom ver sien aankom en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, iets wat vir 'n man in die Midde-Ooste ongewoon en onwaardig is. Hy omhels en soen hom. Dit is 'n teken van die pa se liefde, aanvaarding en vergifnis.

Die seun sê: ²¹“Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.’

Die seun weet hy het sy voorreg om as seun erken te word, verbeur. Hy het te veel drooggemaak. Hy kan nie sy pa in die oë kyk nie. Hy dink waarskynlik dat ander, soos sy ouer broer, kindskap verdien. Sy ouer broer is 'n baie groter Christen as hy.

Hy is nie werd om sy pa se seun genoem te word nie. Hy verlang om terug ontvang te word as 'n dagloner. Dink jy dalk ook dat jy nie werd is om 'n kind van ons hemelse Vader te wees nie? Jy het net te veel drooggemaak. Daar is te veel geraamtes in jou kas. Jou hemelse Pa dink nie so nie.

Hy trek vir sy seun die beste klere aan. Die ou klere dui op sy ou sondige vuil wat hy uittrek. Hy word as geërde gas ontvang. Hy kry 'n ring aan sy vinger. Dit was waarskynlik 'n seëlring waarmee hy kontrakte kon teken namens die familie. Die skoene skoene dui op die verskil tussen 'n slaaf en 'n seun. Die vetgemaakte kalf word geslag en

die feesviering begin. Ons hoor die Vader in Luk 15:24 jubel: "Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry."

Hy ontvang nie die jongste seun as 'n slaaf nie. Hy is 'n seun in die huis. Dit maak nie saak wat ek en jy aangevang het nie, ons hemelse Vader wil ook ons met ope arms as kinders in sy Vaderhuis ontvang.

Die ander verlore seun verteenwoordig die Skrifgeleerdes, Fariseers en ons as kerkmense. Hy bly buite. Hy is verbitter, kwaad en ongeskik met sy pa. Hy is nie bereid om te vergewe nie. Hy praat van sy jonger broer as: "hierdie seun van Pa."

Die oudste seun kies om nie in te kom nie. Maar die storie is nie klaar nie. Die vraag, wat nie hier beantwoord word nie, is of die Skrifgeleerdes en Fariseërs gaan ingaan en gaan deelneem aan die feesmaal?

Die oudste seun ervaar geen opregte verhouding met sy pa nie. Hy dink aan homself as 'n slaaf van sy pa. Alles is vir hom 'n sware plig. Sy verhouding met pa is gebaseer op sy prestasie by die werk. Hy het vir jare baie gedoen en opgeoffer. Hy was gehoorsaam en het sy kant gebring. Niemand kan vir hom vinger wys nie. Hy het nie weggeloop nie. Hy verdien baie meer as sy jonger broer. En hy het niks gekry nie.

Dalk dink jy ook dat omdat jy ereidiens toe kom, dankoffer gee en armes help God vir jou 'n klomp goed moet doen. Ek het al die regte boksies afmerk, nou sal God vir my seën. Ek is getrou, nou sal God vir my goed wees. Maar dit werk nie so nie. Hoor hoe die Vader die ouste seun antwoord in Luk 15 vers 31-32: "³¹Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune. ³²Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry."

God sê hier baie duidelik dat ons nie kan verdien om Sy kind te wees nie. Jy is My kind en klaar. Alles wat ek het, is joune.

Ons kry dieselfde bevestiging in Efes 2:8-10:

"⁸Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. ⁹Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.

¹⁰Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dae waarvoor Hy ons bestem het."

Ons hemelse Pa het alle mense lief – dit is Sy geskenk aan ons. Hy het tronkvoëls en prostitute en korrupte amptenare net so lief as Sy gelowige kinders wat Hom uit dankbaarheid dien.

God is lief vir jou. Niks wat jy verkeerd doen of wat jy reg doen, kan Hom meer of minder lief maak vir jou nie. Dit is waarom dit die Goeie Nuus genoem word.

Dit maak nie saak wat jy aangevang het nie. Wanneer jy na God terugkeer, hoor hoe Hy oor jou jubel: "Jy was dood, maar lewe weer. Jy was verlore, maar is teruggekry."

Of jy dink dalk nog altyd oor jou verhouding met God asof jy 'n slaaf is? Jy bly skuldig voel omdat jy nie goed doen of genoeg doen nie. Hoor wanneer God vir jou sê: "Ek het klaar alles vir jou gedoen. Jy was nog altyd My kind en klaar. Alles wat Ek het, is ook joune. Kom in en kom vier saam fees." AMEN